Pharmacode position may change as per Supplier's m/c requirement & additional small pharma code may appear on the front / back panel

APPROVED
By Berenice Campbell at 12:58 pm, Mar 09, 2023

MEDPLOZ P1533064

MEDPLOZ P1533064

Professionele inligting oor medisyne vir menslike gebruik
SUID-AFRIKA S5
NAMIBIE (check PIL) NS3

EIENDOMSNAAM (en doseervorm):
MEDPLOZ 5 mg (tablet)
MEDPLOZ 10 mg (tablet)

SAMESTELLING:
MEDPLOZ 5 mg: Elke filmbedekte tablet bevat 5 mg zolpidemtartraat. Bevat suiker: 43,80 mg laktose.
MEDPLOZ 10 mg: Elke filmbedekte tablet bevat 10 mg zolpidemtartraat. Bevat suiker: 87,60 mg laktose.

Die ander bestanddele is laktose monohidraat, mikrokristallyne sellulose, natriumstyselglikolaat, magnesiumstearaat, hipromellose, macrogol 400 en titaandioksied (C.I. Nr. 77891).

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE:
A 2.2 Kalmeermiddels, slaapmiddels.

FARMAKOLOGIESE WERKING:
Zolpidem is 'n imidasopiridienverbinding met sederende/hipnotiese effekte. Hierdie effekte hou verband met 'n spesifieke agoniswerking by sentrale reseptors wat aan die GABA-omega bensodiasepien-1 en bensodiasepien-2 makromolekulêre reseptorkompleks behoort en moduleer die opening van die chloriedioonkanaal. Zolpidem werk hoofsaaklik op die omega-1 (bensodiasepien-1) reseptor subtipes. Die kliniese betekenis hiervan is nie bekend nie.

Farmakokinetika
Absorpsie:
Die biobeskikbaarheid van zolpidem is ongeveer 70 % na orale toediening. Piek plasmakonsentrasie word tussen 0,5 en 3 ure na dosering bereik.

Verspreiding:
Teen terapeutiese dosisvlakke is die farmakokinetika lineêr. Die graad van plasmaproteïenbinding is ongeveer 92 %. Die plasma eliminasiehalfleeftyd is ongeveer 2, 5 ure (1,4 – 3,8 ure).

Die volume van verspreiding in volwassenes is 0,54 ± 0,02 L/kg. In bejaardes (hoë ouderdom) verminder die volume van verspreiding na 0, 34 ± 0,05 L/kg.

Uitskeiding:
Zolpidem word in die vorm van onaktiewe metaboliete (lewermetabolisme), hoofsaaklik in die urien (56 %) en feses (37 %) uitgeskei.

Dit het geen induserende effekte op lewerensieme nie. Suiwering neem af in bejaarde pasiënte. Die piekkonsentrasie neem met ongeveer 50 % toe, terwyl die eliminasiehalfleeftyd met ongeveer 32 % toeneem. In pasiënte met ontoereikende nierfunksie, met of sonder dialise, is daar 'n matige afname in suiwering. Die ander farmakokinetiese parameters word nie beïnvloed nie.

Biobeskikbaarheid:
Die biobeskikbaarheid van zolpidem neem toe in pasiënte met ontoereikende lewerfunksie. Suiwering neem af en die eliminasiehalfleeftyd word verleng (ongeveer 10 ure).

INDIKASIES:
- **MEDPLOZ** word aangedui vir die behandeling van kort termyn slaaploosheid.
- **MEDPLOZ** word slegs aangedui wanneer die afwyking erg of ontwrigtend is, of wanneer dit die indiwidu onder erge spanning plaas.
- Hipersensitiwiteit vir die produk.
- Myasthenia gravis.
- Slaapapnee-sindroom.
- Akuut en erg ontoereikende longfunksie, aangesien respiratoriese insinking gepresipiteer kan word.
- Kinders jonger as 18 jaar.
- Erg ontoereikende lewerfunksie.
- Die gelyktydige toediening van MIV-proteaseïnhibeerders soos ritonavir, aangesien die plasmakonsentrasies kan toeneem en gevolglik ook die risiko van oormatige sedering en respiratoriese onderdrukking.

WAARSKUWINGS AND SPESIALE VOORSORGMAATREELS:
Die veiligheid en effektiwiteit in kinders jonger as 18 jaar is nie bepaal nie.

Afhanklikheid en misbruik:
Die gebruik van **MEDPLOZ** kan tot die ontwikkeling van fisiese en sielkundige afhanklikheid lei. Die risiko van afhanklikheid neem toe met die dosis en duurte van behandeling; dit is ook groter in pasiënte met 'n geskiedenis van alkohol- en dwelmmisbruik. Hierdie pasiënte moet onder sorgvuldige toesig gehou word wanneer hulle hipnotika gebruik. Staking van terapie kan tot onttrekking- en terugslagverskynsels lei. Hierdie simptome wissel van geringe disforie, hoofpyn of spierpyn, uitermatige angs en spanning, rusteloosheid, verwardheid en geïrriteerdheid en slaaploosheid tot 'n onttrekkingsindroom wat buik- en spierkrampe, braking, sweet, bewerasie en stuiptrekkings, derealisering, depersonalisering, hiperakuïteit, gevoelloosheid en prikkeling van die ledemate, hipersensitiwiteit vir lig, geraas en fisiese kontak, of hallusinasie.

Duurte van behandeling:
Die duurte van behandeling moet so kort as moontlik wees en moet nie 4 weke, insluitende die afskaalperiode, oorskry nie. Behandeling moet nie vir langer periodes sonder herevaluering van die situasie aan hou nie.

Dit kan handig wees om die pasiënt met aanvangs van die behandeling in te lig dat dit slegs vir 'n beperkte periode sal wees, asook om te verduidelik hoe die dosis geleidelik verminder sal word.

Toleransie:
Na herhaalde gebruik van **MEDPLOZ** vir 'n paar weke, kan 'n sekere mate van verlies aan die hipnotiese effekte ontwikkel.

Geheueverlies:
MEDPLOZ kan anterograde geheueverlies induseer. Hierdie kondisie kom meesal verskeie ure na inname van die produk voor en, om die risiko daarom te verminder, moet pasiënte verseker dat hulle vir 7 tot 8 ure daarna ononderbroke kan slaap (Sien **"NEWE EFFEKTE"**).

Terugslag slaaploosheid:
'n Verbygaande sindroom, waarin die simptome wat tot behandeling met sedeer-/hipnotiese middels gelei het, in 'n erger vorm terugkeer, kan met onttrekking van hipnosemiddels voorkom. Dit kan gepaard gaan met ander reaksies, insluitende gemoedsveranderinge, angs en rusteloosheid. Die sindroom sal meer waarskynlik ontwikkel as die gebruik van die produk skielik gestaak word. Gevolglik moet behandeling geleidelik afgeskaal word.

Psigiatriese en "paradoksale" reaksies:
Depressie: **MEDPLOZ** behoort nie gebruik te word om depressiesindrome of angs met depressie te behandel nie, aangesien selfmoordneigings kan voorkom.

Psigotiese siekte: **MEDPLOZ** behoort nie as die primêre behandeling vir psigotiese siekte gebruik te word nie. (Sien **"NEWE EFFEKTE"**)

Spesifieke pasiënt groepe:
- Vir bejaardes: (sien **"DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS"**)
- Respiratoriese ontoereikenheid: Aangesien daar aangedui is dat hipnotika die respiratoriese dryfkrag belemmer, moet sorg aan die dag gelê te word wanneer **MEDPLOZ** aan pasiënte met chroniese respiratoriese ontoereikenheid voorgeskryf word.
- Erg ontoereikende lewerfunksie: Zolpidem word nie aangedui vir die behandeling van pasiënte met erg ontoereikende lewerfunksie nie, aangesien hipnotika enkefalopatie kan presipiteer.

Effekte op die vermoë om te bestuur of om met masjinerie te werk:
Sedering, lomerigheid, duiseligheid en vertigo kan die vermoë om te bestuur of om met masjinerie te werk in pasiënte wat **MEDPLOZ** gebruik, nadelig beïnvloed. Die waarskynlikheid van vertraagde skerpheid kan toekom wanneer die duurte van onvoldoende slaap verleng is.

INTERAKSIES:
- Gelyktydige inname van alkohol word nie aanbeveel nie. Die sederende effek word versterk wanneer hierdie produk in kombinasie met alkohol gebruik word. Dit beïnvloed die vermoë om te bestuur of om met masjinerie te werk.
- Kombinasie met Sentrale Senuweestelsel (SSS)- depressante: Versterking van die sentrale depressiewe effekte kan voorkom in gevalle van die meegaande gebruik van antipsigotika (neuroleptiese middels), hipnotika, angsiolitiese / sedeermiddels, antidepressiemiddels, narkotiese pynstillers, anti-epilepsiemiddels, narkosemiddels en sederende antihistamiene.

In die geval van narkotiese pynstillers kan versterking van die euforie ook voorkom, wat tot 'n toename in sielkundige afhanklikheid kan lei.

- Die aktiwiteit van **MEDPLOZ** kan versterk word deur verbindings wat sekere lewerensieme (veral sitochroom P450) inhibeer.

  Zolpidem word deur verskeie hepatiese sitochroom P450 ensieme gemetaboliseer: die belangrikste ensiem is CYP3A4, tesame met 'n bydrae van CYP1A2.

Die farmakodinamiese effek van **MEDPLOZ** neem af wanneer dit saam met rifampisien ('n CYP3A4 induseerder) toegedien word.

Wanneer zolpidem egter saam met itrakonasool ('n CYP3A4 inhibeerder) toegedien word, verander die farmakokinetika en farmakodinamika nie noemenswaardig nie. Die kliniese betekenis van hierdie resultate is onbekend.

- Geen noemenswaardige farmakokinetiese interaksies is waargeneem wanneer **MEDPLOZ** saam met warfarien, digoksien of ranitidien toegedien is nie.
- MIV-proteaseïnhibeerders soos ritonavir kan die plasmakonsentrasies van zolpidem verhoog, met 'n risiko van oormatige sedering en respiratoriese onderdrukking; die meegaande gebruik word nie aanbeveel nie.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE:
Veiligheid in swangerskap is nie vasgestel nie.

As **MEDPLOZ** gedurende die laat fase van swangerskap of gedurende kraam toegedien word, kan effekte op die neonaat, soos hipotermie, hipotonie en matige respiratoriese onderdrukking, weens die farmakologiese werking van die produk verwag word.

Babas gebore van moeders wat **MEDPLOZ** chronies gedurende die laaste fase van swangerskap gebruik, kan fisiese afhanklikheid ontwikkel en 'n risiko loop om onttrekkingsimptome in die post-natale periode te ontwikkel.

Zolpidem behoort nie aan sogende moeders toegedien te word nie.

Klein hoeveelhede zolpidem kom in borsmelk voor.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Veiligheid en effektiwiteit is nie in kinders jonger as 18 jaar bepaal nie. Behandeling behoort vir so kort as moontlik toegedien te word.

Oor die algemeen wissel die duurte van behandeling van 'n paar dae tot twee weke met 'n maksimum, insluitende die afskaalperiode, van vier weke.

In sekere gevalle kan langer periodes as die maksimum behandelingsperiode nodig wees. In sulke gevalle moet dit nie plaasvind sonder om die pasiënt se status te herevalueer nie.

MEDPLOZ moet onmiddellik voor slapenstyd, of in die bed geneem word.

Dosis
Die aanbevole daaglikse dosis vir volwassenes is 10 mg onmiddellik voor slapenstyd, of in die bed.

In bejaarde of gestremde pasiënte wat veral sensitief vir die effekte van zolpidem is, asook in pasiënte met ontoereikende lewerfunksie wat nie die middel so vinnig soos normale indiwidue suiwer nie, word 'n dosis van 5 mg aanbeveel. Hierdie dosis moet slegs onder die uiterste omstandighede oorskry word.

Die totale dosis **MEDPLOZ** moet nie 10 mg in enige pasiënt oorskry nie.

NEWE EFFEKTE:
Afwykings van die senuweestelsel:
Minder dikwels: Lomerigheid gedurende die dag, verwardheid, hoofpyn, duiseligheid, ataksie en stapafwykings.

Geheueverlies: Anterograde geheueverlies kan voorkom met die gebruik van terapeutiese dosisse **MEDPLOZ** – die risiko neem toe met hoër dosisse. Geheueverlies kan gepaard gaan met ontoepaslike gedrag.

Die volgende newe effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend: Afname in skerpheid, moegheid.

Psigiatriese afwykings:
Minder dikwels: Depressie: Reeds bestaande depressie kan met die gebruik van **MEDPLOZ** ontmasker word.

Psigiatriese en teenstrydige reaksies: Dit is bekend dat reaksies soos rusteloosheid, agitasie, geïrriteerdheid, aggressie, delusies, woede-uitbarstings, nagmerries, hallusinasies, psigoses, ontoepaslike gedrag en ander nadelige gedragseffekte, met die gebruik van **MEDPLOZ** voorkom. Indien dit sou voorkom, behoort die gebruik van die middel onmiddellik gestaak te word. Dit is meer waarskynlik dat hierdie in kinders (sien **"KONTRA-INDIKASIES"**) en bejaardes voorkom.

Die volgende newe effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend: Afgestompte emosies.

Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenafwykings:
Minder dikwels: Spierswakheid.

Oogafwykings:
Minder dikwels: Dubbel sig.

Die verskynsels hierbo genoem kom hoofsaaklik aan die begin van terapie voor en meer dikwels in bejaarde pasiënte, maar kan met herhaalde toediening verdwyn.

Gastroïntestinale afwykings:
Minder dikwels: Gastroïntestinale afwykings soos naarheid, braking, diarree, droë mond, buik- of maagpyn.

Afwykings van die vel en subkutane weefsels:
Minder dikwels: Velreaksies.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:
Na oordosering met **MEDPLOZ** alleen, kan belemmering van die bewussyn wissel van slaapsug tot koma. Indiwidue het herstel van zolpidemdosisse van tot soveel as 400 mg. Oordosering waarby veelvuldige SSS-depressante (bv. alkohol) betrokke is, kan tot erger simptomatologie lei, insluitende fatale uitkomste.

Behandeling:
Algemene simptomatiese en ondersteunende maatstawwe moet toegepas word, saam met onmiddellike maagspoeling, waar nodig.

Intraveneuse vloeistowwe moet waar nodig toegedien word. Sederende medisyne behoort teruggehou te word, selfs as eksitasie voorkom. Die waarde van dialise in die behandeling van oordosering is nie bepaal nie, alhoewel studies met hemodialise in pasiënte met nierversaking en wat terapeutiese dosisse gebruik, aangetoon het dat zolpidem nie dialiseerbaar is nie. Waar ernstige simptome waargeneem word, kan die gebruik van bensodiasepienantagoniste (bv. flumaseniel) oorweeg word.

Die toediening van flumaseniel kan egter bydra tot die voorkoms van neurologiese simptome (stuiptrekkings).

In die bestuur van oordosering met enige medisinale produk, moet daar in gedagte gehou word dat meer as een middel moontlik geneem is.

IDENTIFIKASIE:
MEDPLOZ 5 mg: Wit tot byna wit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette met "E" op die een kant en "78" op die ander kant gedruk.
MEDPLOZ 10 mg: Wit tot byna wit, ovaal, bikonvekse, filmbedekte tablette met "E" op die een kant en "80" op die ander kant gedruk.
Daar is 'n breeklyn tussen die 8" en die "0".

AANBIEDING:
MEDPLOZ 5 mg
1. Stolpverpakkings
Tablette word in stolpverpakkings verpak wat bestaan uit PVC/PVdc en gedrukte silwergekleurde aluminiumfoelie. Elke stolpverpakking bevat 10 tablette.

Pakgrootte: 30s – Elke karton bevat 3 stolpverpakkings van 10 tablette elk.

MEDPLOZ 10 mg
2. Stolpverpakkings
Tablette word in stolpverpakkings verpak wat bestaan uit PVC/PVdc en gedrukte silwergekleurde aluminiumfoelie. Elke stolpverpakking bevat 10 of 14 tablette onderskeidelik.

Pakgrootte: 30s – Elke karton bevat 3 stolpverpakkings van 10 tablette elk.

Pakgrootte: 14s – Elke karton bevat 1 stolpverpakkings van 14 tablette elk.

2. HDPE houer
Tablette word verpak in wit ondeursigtige HDPE houers met 'n wit ondeursigtige polipropileen dop met 'n induksie seëlprop. Die leë spasie in die houer word gevul met 'n rayon krul.

Pakgrootte: 30s- Een HDPE houer bevat 30 tablette.

BERGINGSINSTRUKSIES:
Berg in 'n droë plek by of benede 25 °C. Beskerm teen lig en vogtigheid. Hou die stolpverpakkings in die oorspronklike karton tot wanneer dit benodig word. Hou die HDPE houer dig toe.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER:

SUID-AFRIKA:
MEDPLOZ 5 mg: 43/2.2/0247
MEDPLOZ 10 mg: 43/2.2/0257

NAMIBIË:
MEDPLOZ 5 mg: 10/2.2/0593
MEDPLOZ 10 mg: 10/2.2/0594

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE:
AUROGEN
AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS.) BPK.
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1
Eerste Vloer Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,
1448, Suid Afrika.

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET:
Datum van registrasie:
4 Maart 2011
Datum van hersiening:
21 September 2021

DETACH BEFORE DISPENSING

PASIËNTINLIGTINGSBLAD
SUID-AFRIKA: S5
NAMIBIË: NS3
MEDPLOZ 5 mg (tablet)
MEDPLOZ 10 mg (tablet)
Zolpidemtartraat

Lees die hele brosjure sorgvuldig voordat u begin om MEDPLOZ te neem.
- Hou hierdie blaadjie. U mag dit moontlik weer wil lees.
- Indien u enige verdere vrae het, moet u asseblief u dokter of apteker raadpleeg.
- **MEDPLOZ** is vir u persoonlik voorgeskryf en u behoort nie u medisyne met ander mense te deel nie. Dit mag hulle skade aandoen, ookal het hulle dieselfde simptome as u.

1. WAT MEDPLOZ BEVAT
Die aktiewe bestanddeel is zolpidemtartraat.

MEDPLOZ 5 mg: Elke filmbedekte tablet bevat 5 mg zolpidemtartraat. Bevat suiker: 43,80 mg laktose.
MEDPLOZ 10 mg: Elke filmbedekte tablet bevat 10 mg zolpidemtartraat. Bevat suiker: 87,60 mg laktose.

Die ander bestanddele is laktosemonohidraat, mikrokristallyne sellulose, natriumstyselglikolaat, magnesiumstearaat, hipromellose, makrogol 400 en titaandioksied (C.I. Nr. 77891)

2. WAARVOOR MEDPLOZ GEBRUIK WORD
Zolpidem word gebruik om slaaploosheid te behandel. Zolpidem word slegs gegee wanneer die afwyking erg is, die liggaam skade aandoen of uitermatig ontstellend vir die pasiënt is. Zolpidem behoort slegs vir 'n kort periode van tyd gebruik te word.

3. VOORDAT U MEDPLOZ NEEM
Moenie MEDPLOZ neem nie:
- As u ooit 'n ongewone of allergiese reaksie teen zolpidem of die produk gehad het.
- As u aan myasthenia gravis (spierafwyking wat swakheid veroorsaak) ly.
- As u aan slaapapnee ly (tydelike staking van asemhaling gedurende slaap).
- As u aan 'n longsiekte ly.
- As u aan 'n ernstige lewersiekte ly.
- As u jonger as 18 jaar oud is.
- As u borsvoed of swanger is. Die veiligheid van **MEDPLOZ** in swangerskap is nie vasgestel nie.

Neem spesiale sorg met MEDPLOZ:
- **MEDPLOZ** behoort vir 'n kort periode van tyd gebruik te word, en veral nie langer as 4 weke nie. U dokter mag die hoeveelheid wat u gebruik geleidelik verminder voordat u heeltemal met die gebruik daarvan staak.
- Na herhaalde gebruik van **MEDPLOZ** vir 'n paar weke, kan 'n sekere mate van verlies van die slaapeffek ontwikkel.
- **MEDPLOZ** kan 'n sekere tipe geheueverlies of "amnesie" veroorsaak. Wanneer dit voorkom, kan 'n persoon nie onthou wat gedurende die verskeie ure tussen die gebruik van die medisyne en die tyd wanneer die effek daarvan afneem, gebeur het nie.
- Nadat **MEDPLOZ** vir slaaploosheid geneem is, mag u vir die eerste paar nagte nadat u met die gebruik daarvan gestaak het, moeite ondervind om aan die slaap te raak (terugslagslaaploosheid). Buiveranderinge, angs en rusteloosheid kan ook voorkom.

  Terugslagslaaploosheid sal meer waarskynlik voorkom as die gebruik van **MEDPLOZ** skielik gestaak word. Daarom behoort die hoeveelheid wat u gebruik geleidelik verminder te word.
- Moenie meer van die medisyne gebruik, moenie dit meer dikwels gebruik en moet die medisyne nie vir langer gebruik as wat u dokter voorgeskryf het nie. As te veel daarvan geneem word, kan dit gewoontevormend raak (veroorsaak geestelike of liggaamlike afhanklikheid). As u 'n geskiedenis van alkohol- of medisyne-misbruik het, neem die risiko van afhanklikheid toe. Wanneer fisiese afhanklikheid ontwikkel het, sal die skielike staking van behandeling gepaardgaan met onttrekkingsimptome. Dit mag hoofpyn, spierpyn, uitermatige angs en spanning, rusteloosheid, verwardheid en geïrriteerdheid insluit. In uitermatige gevalle kan die volgende simptome voorkom: Derealisering (veranderde ondervinding van die eksterne omgewing sodat dit onwerklik voel), depersonalisering (subjektiewe gevoel van onwerklikheid in 'n persoon in hom-/ haarself), ongevoeligheid en prikkeling in die ledemate, hipersensitiwiteit teen lig, geraas en fisiese kontak, hallusinasies (sien, hoor of voel dinge wat nie daar is nie) of epileptiese stuipaanvalle.
- In ouer pasiënte is die dosis van **MEDPLOZ** kleiner.
- Maak seker dat u u dokter in kennis stel as u moeite met asemhaling ondervind. Sorg behoort in hierdie pasiënte aan die dag gelê te word aangesien daar aangetoon is dat slaaptablette die asemhalingsdrang onderdruk.
- Maak seker dat u u dokter in kennis stel as u aan depressie, psigotiese siekte ly of selfmoordidees het.
- Maak seker dat u u dokter in kennis stel as u 'n geskiedenis van alkohol- en medisynemisbruik het, aangesien **MEDPLOZ** nie in daardie geval aan u toegedien behoort te word nie.
- Maak seker dat u u dokter in kennis stel as u aan 'n erge lewersiekte ly, aangesien **MEDPLOZ** nie in pasiënte wat aan 'n erge lewersiekte ly, gebruik behoort te word nie.

Swangerskap en borsvoeding:
- As **MEDPLOZ** gedurende die laatfase van swangerskap toegedien word, kan die pasgebore baba aan abnormale lae liggaamstemperatuur, hipotonie (abnormaal lae spiertonus) en respiratoriese onderdrukking (abnormaal stadige en/of vlak asemhaling) ly. Babas wat uit moeders gebore word wat **MEDPLOZ** gedurende swangerskap gebruik het, kan fisiese afhanklikheid en 'n sekere mate van risiko vir onttrekkingsimptome ontwikkel.

As u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidsbeampte om advies raadpleeg voordat u **MEDPLOZ** drink.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
MEDPLOZ kan lomerigheid, duiseligheid en verlies aan skerpheid veroorsaak. Maak seker dat u weet hoe u op **MEDPLOZ** reageer voordat u bestuur, masjinerie gebruik of enigiets anders doen wat gevaarlik kan wees as u duiselig of nie op en wakker is nie.

Die neem van ander medisyne saam met MEDPLOZ:
- **MEDPLOZ** sal bydra tot die effekte van alkohol en ander Sentrale Senuweestelsel (SSS)-depressante (medisyne wat die senuweestelsel vertraag, moontlik lomerigheid veroorsaak). Sommige voorbeelde van SSS-depressante is antihistamiene of medisyne vir hooikoors, ander allergieë, sedeermiddels, kalmeermiddels of slaapmedisyne; pynmedikasie of narkotika op voorskrif, medisyne vir stuipaanvalle en narkosemiddels. Raadpleeg u dokter voordat u enige van die bogenoemde neem terwyl u **MEDPLOZ** gebruik.
- Stel u dokter in kennis as u rifampisien neem – Die werking van **MEDPLOZ** neem af wanneer dit saam met rifampisien geneem word.
- Stel u dokter in kennis as u 'n MIV-proteaseïnhibeerder soos ritonavir neem – Die bloedvlakke van zolpidem mag toeneem met 'n risiko van uitermatige sedering en respiratoriese onderdrukking (abnormaal stadige en/of vlak asemhaling).

Stel altyd u gesondheidsbeampte in kennis as u ander medisyne neem. (Dit sluit komplementêre en tradisionele medisyne in)

4. HOE OM MEDPLOZ TE NEEM
- Neem **MEDPLOZ** slegs soos deur u dokter voorgeskryf. Moet dit nie langer gebruik as wat u dokter voorgeskryf het nie. Die lengte van behandeling wissel vanaf 'n paar dae tot twee weke met 'n maksimum van vier weke.
- **MEDPLOZ** behoort onmiddellik voor slapenstyd of wanneer u reeds in die bed is, geneem te word.
- **Dosis:**

  Volwassenes - 10 mg onmiddellik voor slapenstyd of wanneer u reeds in die bed is.

  Bejaarde of gestremde pasiënte en in pasiënte met lewersiekte - 5 mg onmiddellik voor slapenstyd of wanneer u reeds in die bed is.

  Die totale dosis **MEDPLOZ** behoort nie 10 mg te oorskry nie.

Neem altyd **MEDPLOZ** presies soos deur u dokter voorgeskryf. Bevestig met u dokter of apteker as u onseker is. As u van mening is dat die effek van **MEDPLOZ** te sterk of te swak is, moet u u dokter of apteker raadpleeg.

As u te veel MEDPLOZ geneem het:
Oordosering met zolpidem alleen kan tot bewusteloosheid lei, wat kan wissel van slaperigheid tot ligte koma. Gevalle van oordosering waarby alkohol of ander SSS- depressante saam met zolpidem betrokke is, het tot meer ernstige simptome gelei, insluitende fatale uitkomste.

In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. As hulle nie beskikbaar is nie, kontak u naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

As u vergeet het om MEDPLOZ te neem:
As u 'n dosis **MEDPLOZ** oorgeslaan het, vergeet daarvan en keer terug na u gereelde dosisskedulering. Moenie die dosis verdubbel nie.

5. MOONTLIKE NEWE EFFEKTE
MEDPLOZ kan newe effekte hê.

Lomerigheid gedurende die dag, verwardheid, hoofpyn, duiseligheid, verlies aan spierkoördinasie, lompheid of onstabiliteit, afname in skerpheid, moegheid, afgestompte emosies, spierswakheid, dubbelvisie.

Die newe effekte hierbo genoem kom hoofsaaklik aan die begin van terapie voor en dan meer dikwels in bejaarde pasiënte, maar kan met behandeling verdwyn namate u liggaam aan die medisyne gewoond raak.

Ander newe effekte sluit die volgende in: Buik- of maagpyn, diaree, veluitslag, geheueprobleme, geestelike depressie, rusteloosheid, agitasie, geïrriteerdheid, aggressie, delusies, woede, nagmerries, hallusinasies, (sien, hoor of voel dinge wat nie daar is nie), psigoses, ontoepaslike gedrag

Nie al die newe effekte wat vir MEDPLOZ aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie. As u algemene gesondheid agteruitgaan of as u enige ongewone effekte ondervind terwyl u MEDPLOZ neem, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidsbeampte om advies raadpleeg.

6. OPBERGING EN WEGDOEN VAN MEDPLOZ
Bewaar teen of benede 25 °C in 'n droë plek.
Bewaar weg van lig en vogtigheid. Hou die stolpstrokies in die oorspronklike karton tot voor gebruik. Hou die HDPE houer dig toe.
Moenie in die badkamer, naby die kombuiswasbak of in ander vogtige omgewings hou nie. Vogtigheid kan veroorsaak dat die medisyne afbreek.

Berg alle medisyne buite die bereik van kinders.
Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker terug.
Moenie enige ongebruikte medisyne in die drein of riolering (bv. toilette) weggooi nie.

7. AANBIEDING VAN MEDPLOZ
MEDPLOZ 5 mg
1. Stolpverpakking:
Tablette word in stolpverpakkings wat uit PVC/PVdc en gedrukte silwerkleurige aluminiumfoelie bestaan, verpak. Elke stolpverpakking bevat 10 tablette.

Pakgrootte: 30 s – Elke karton bevat 3 stolpstrokies van 10 tablette elk.

MEDPLOZ 10 mg
2. Stolpverpakkings
Tablette word in stolpverpakkings verpak wat bestaan uit PVC/PVdc en gedrukte silwergekleurde aluminiumfoelie. Elke stolpverpakking bevat 10 of 14 tablette onderskeidelik.

Pakgrootte: 30 s – Elke karton bevat 3 stolpstrokies van 10 tablette elk.

Pakgrootte: 14s – Elke karton bevat 1 stolpverpakkings van 14 tablette elk.

2. HDPE houer:
Tablette word in wit, ondeursigtige HDPE houers met 'n wit, ondeursigtige deksel met induksie seëlprop verpak. Die oop spasie in die houer word met 'n Rayon krul gevul.

Pakgrootte: 30 s – Een HDPE houer bevat 30 tablette.

8. IDENTIFIKASIE VAN MEDPLOZ
MEDPLOZ 5 mg: Wit tot byna-wit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette met "E" op die een kant en "78" op die ander kant gedruk.
MEDPLOZ 10 mg: Wit tot byna-wit, ovaalvormige, bikonvekse, filmbedekte tablette met "E" op die een kant en op die ander kant' "80" met die "8" aan die een kant van die breeklyn en "0" aan ander kant gedruk.

9. REGISTRASIENOMMER / VERWYSINGSNOMMER

SUID-AFRIKA:
MEDPLOZ 5 mg: 43/2.2/0247
MEDPLOZ 10 mg: 43/2.2/0257

NAMIBIË:
MEDPLOZ 5 mg: 10/2.2/0593
MEDPLOZ 10 mg: 10/2.2/0594

10.NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER
AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS.) BPK.
Woodhill Kantoorpark, Gebou 1
Phillip Engelbrechtlaan 53
Meyersdal, Uitbr. 12, 1448
Johannesburg
Suid-Afrika

11.DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET
Datum van registrasie:
4 Maart 2011
Datum van hersiening:
21 September 2021

A/s: 350 x 480 mm ■ Black

AUROBINDO Packaging Development	**Product Name**	**Component**	**Item Code**	**Date & Time**
	Medploz	Leaflet	P1533064	08.03.2023 & 11.20 am
	Customer / Country	**Version No.**	**Reason of Issue**	**No. of Colours :**
	Aurogen - South Africa U3	03	Revision	
Team Leader: Kiran	**Dimensions**			
Initiator: Bhogi	350 x 480 mm	33064		
Design Agency One Creative Designers	**Pharma Code**			
	33064			

Additional Information:
Supersede Code: P1512731

Professional Information for Medicines for Human Use
SCHEDULING STATUS
SOUTH AFRICA: S5
NAMIBIA: NS3
PROPRIETARY NAME (and dosage form):
MEDPLOZ 5 mg (tablet)
MEDPLOZ 10 mg (tablet)

COMPOSITION:
MEDPLOZ 5 mg: Each film-coated tablet contains 5 mg zolpidem tartrate. Contains sugar: 43,80 mg lactose.
MEDPLOZ 10 mg: Each film-coated tablet contains 10 mg zolpidem tartrate. Contains sugar: 87,60 mg lactose.

The other ingredients are microcrystalline cellulose, sodium starch glycolate, magnesium stearate, hypromellose, macrogol 400 and titanium dioxide (C.I. No: 77891).

PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION:
A2.2 Sedatives, hypnotics.

PHARMACOLOGICAL ACTION:
